Die kragtige oplewing van populistiese mobilisering in die eietydse internasionale stelsel – Deel 2: Oorsake en gevolge

Chris Nelson

Chris Nelson, onafhanklike navorser

Opsomming

In deel 1 van die artikel is aangetoon dat sedert die einde van die Koue Oorlog die kragtige oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie regoor die wêreld met rasse skrede toegeneem het. Die noodwendige gevolg was dat die besondere verskynsel en tendens aan intense navorsing deur honderde navorsers onderwerp is en steeds word. Aanvanklik is gekonsentreer op die beskrywing van die aard en voorkoms daarvan. Tans geniet die bestudering van die oorsake en gevolge baie aandag. Vrae wat pertinent na vore tree is: Wat het die toename in die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie veroorsaak? Watter faktore het daartoe bygedra dat dit ontwikkel het van ’n mindere na ’n hoofstroom- politieke verskynsel? Welke toestande of meganismes in samelewings en die globale internasionale stelsel dien as snellers en aandrywers in die kragtige oplewing daarvan in alle wêrelddele? Wat is die gevolge van die kragtige oplewing daarvan vir liberale demokrasie sowel as die globale liberale orde?

In deel 2 word ’n oorsig verstrek van die bevindings van leidende navorsers en navorsingsinstellings met betrekking tot sowel die oorsake as die gevolge van die kragtige oplewing van populistiese mobilisering as politieke strategie in die eietydse internasionale stelsel.

Trefwoorde: burgery; demokrasie; elite; globale liberale orde; globalisering; personalistiese politieke leiers; politieke strategie; populisme; populistiese mobilisering; populistiese retoriek

Abstract

The forceful rise of populist mobilisation in the contemporary international system: prevalence, causes and consequences – Part 2: Causes and consequences

Viewed superficially it may seem as if the rise to power of Donald Trump in the USA, Narendra Modi in India, Rodrigo Duterte in the Philippines, Viktor Orbán in Hungary and Jair Bolsonaro in Brazil is merely part of the ebb and flow of the political process in these states. However, examined more closely, there is more to this than appears at first glance. The election of these and many other leaders, political parties and political movements around the world in recent times is indicative of the resurgence of a method of mobilising popular support in democratic political systems known for several centuries. It is referred to as populism.

Analysts studying the forceful rise of populism in the contemporary international system indicate that although this phenomenon has a history spanning several centuries, political parties and movements that are currently being typified as populist were formed in most democratic societies only during the aftermath of the Cold War in the 1990s. Even though this new variant of populist political party did not initially gain popular support of more than 10%, the situation has changed dramatically since 2007. Today populist political leaders, parties and movements not only play a significant role in societies in all main regions of the world but are also experiencing dramatic growth in terms of popular support.

The great irony of populism is the fact that despite its forceful rise in many societies, political analysts are not unanimous regarding its actual meaning. According to some it is a chameleonic and mercurial concept that can simultaneously be described as an ideology, a communication style, a political strategy and even a form of political demagoguery.

The vagueness surrounding this concept is also illustrated by the fact that it is employed by many analysts to denote a variety of disparate political phenomena such as Latin-American national populism, Third World authoritarian regimes, radical right-wing political parties, radical left-wing political parties, Euroscepticism, anti-globalism and even Islamic fundamentalism. Some analysts have even gone so far as to distinguish between various types of populism, such as cultural populism, religious populism, demagogic populism, socio-economic populism, authoritarian populism, nationalist populism, revolutionary populism and anti-establishment populism.

Despite the vagueness and contentious nature surrounding the concept, most analysts are in agreement that populism is deeply rooted in identity politics and display certain distinctive features. These may be summarised as follows:

- A positive view of a section of society as the “legitimate people” or “true people”.
- A negative view of the rest of society as the “non-legitimate” people.
- A negative view of the established elite groupings in society as corrupt and intent only on furthering their own selfish interests (“the evil elite”).
- The exaltation of the unrestricted popular sovereignty of the “true people” in society against representative democracy and liberal constitutionalism.

Mainly as a result of these features and the grave consequences it may have for liberal democracy as well as the liberal global order, populism has been extensively studied. A search

by Chiocchetti (2017) on titles on WorldCat (an online global catalogue of the collections of 72 000 libraries in 170 states) in 2017 has shown 1 565 books and 5 313 articles with the noun *populism* and 1 220 books and 3 361 articles with the adjective *populist*.

According to political analysts *populism* is the most important political buzzword of the 21st century because it affects the lives of billions of people all over the world. The current relevance of and interest shown in populism is perhaps best demonstrated by the fact that in 2017 it was selected by Cambridge University Press as the *Cambridge English Dictionary*'s word of the year. Such is the prominence that this concept currently enjoys that some analysts are even of the opinion that we could speak of a populist *zeitgeist* prevailing in the world today.

The aim of this two-part paper is to provide, by means of a literature study, an overview of the forceful rise of populist mobilisation as a political strategy in the contemporary international system with specific reference to its prevalence, causes and consequences.

The approach followed for part 1 of this paper is first to provide an overview of the literature regarding the research undertaken to define this contentious concept as well as the theoretical perspectives that have been employed in order to explain its true meaning. Secondly, I explain the specific theoretical approach that will be employed as a guide and lens in this paper. In this regard it is important to indicate that given the vagueness surrounding the concept of populism it will be reconceptualised. The new version will be referred to as populist mobilisation. Thirdly, I indicate in broad outline the origin and current prevalence of populist mobilisation as a political strategy in the main regions of the world.

The approach followed for part 2 of this paper is first to identify the most important causes that underlie the surge of populist mobilisation as a political strategy in the contemporary international system, and secondly, to identify the consequences of the surge of populist mobilisation for liberal democracy as well as the global liberal order.

The paper concludes with a summary of the findings.

On the basis of the assessment carried out in this paper it is possible to conclude that the implementation of populist mobilisation as a political strategy by personalist leaders, political parties and political movements across the political spectrum have indeed reached dimensions unparalleled in history. Indicative of this is the fact that between 2000 and 2018 the number of political leaders that have attained their positions of power by implementing this particular strategy has risen fivefold from four to 20.

An even more comprehensive picture of the forceful rise of populist mobilisation and its current prevalence can be gleaned by examining the implementation of this particular strategy in the main regions of the world.

- In Europe and the UK no fewer than 102 political parties and political movements implemented populist mobilisation in 2017. Of these, 74 were classified as radical right-wing parties. In four of 28 European states this type of political party form the government of the day, while in 20 states they gained more than 20% of the popular vote. During the elections in May 2019 for the ninth European Parliament these parties gained 29% of the vote. Equally significant is the fact that the decision by the British electorate to terminate their state's membership of the EU and the election of

Immanuel Macron as leader of France can be fully comprehended only if the "soft" implementation of populist mobilisation is considered.

- In the USA populist mobilisation has regularly been applied by personalist leaders, political parties and political movements since the 1840s. It reached a climax in 2016 with the election of Donald Trump as president.
- In Latin America this particular strategy has been applied since the 1930s in three successive waves. Since 1990 no fewer than 14 leaders in eight countries have been elected to their positions as a result of populist mobilisation.
- In the Middle East, populist mobilisation as a political strategy is being implemented throughout the region.
- In Asia 40% of the 4,5 billion people are being ruled today by leaders who attained their ruling positions by implementing populist mobilisation.
- In Sub-Saharan Africa the socio-economic conditions in most societies are of such a nature that the implementation of this particular strategy can be regarded as an inevitability.

The reasons for the forceful rise of populist mobilisation as a political strategy are numerous and manifest on three levels:

- On the macro- or global level, encompassing the worldwide technological revolution, multilateralism, globalisation, demise of communism, dominance of neoliberalism, deconsolidation of democracy and the anticipation of new global power alignments.
- On the medium or state level, encompassing the power of nationalism and the failure or inability of governments to develop countermeasures to a wide range of challenges such as illegal immigration, border control, terrorist attacks, economic downturns, capital flight, tax evasion, corruption, unemployment, poverty and inequality.
- On the micro- and agency level, encompassing the action of specific actors such as personalist leaders, political parties and movements as well as the anti-elitist and nationalistic rhetoric employed by these actors in a variety of ways and contexts.

The consequences of the rise of populist mobilisation as a political strategy by personalist leaders, political parties and movements worldwide are far-reaching and twofold in nature.

- It constitutes a substantial threat to the survival of liberal democracy throughout the world as a result of the assault by adherents of populist mobilisation on the institutions, values, principles and doctrines underlying this form of government.
- It poses a substantial threat to the current global liberal order as a result of the widespread hostility displayed by personalist political leaders, parties and movements against those multilateral institutions vital for the continuation and ultimate survival of this order.

Keywords: evil elite; globalisation; global liberal order; personalist political leader; political strategy; populism; populist mobilisation; populist party; populist rhetoric; true people

1. Die oorsake vir die kragtige oplewing van populistiese mobilisering

In ’n poging om antwoorde op die vrae soos hier bo gestel te verkry, het navorsingsinstellings en individuele navorsers in groot getalle met verklarings vorendag gekom. So byvoorbeeld het Inglehart en Norris (2016) twee teorieë ontwikkel ter verklaring van die kragtige oplewing in populistiese mobilisering in die internasionale stelsel. Die eerste is die ekonomiese-onveiligheid-perspektief (“economic insecurity perspective”) wat die gevolge van die diepgrondige veranderings in die werksmag en die samelewing in die geheel in postindustriële ekonomieë as oorsaaklik beklemtoon. Die tweede is die kulturele-teenreaksie-tese (“cultural backlash thesis”) wat die opkoms van populistiese mobilisering verklaar as ’n reaksie teen die kulturele veranderings wat die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing van die eens dominante sektore in samelewings bedreig.

In die lig daarvan dat dit boekdele sal verg om die bydraes van alle navorsers en navorsingsinstellings te vermeld, sal hier, in deel 2, met ’n oorsig van die jongste navorsingsbevindings op ’n uitgesoekte grondslag volstaan word. Verder is dit belangrik om te meld dat die faktore wat verantwoordelik is vir die oplewing in populistiese mobilisering veelvuldig en uiteenlopend van aard is. Gegewe hierdie besondere toedrag van sake, sal ’n volledige beeld van die oplewing sowel as die gevolge daarvan ten beste verkry kan word deur in deel 2 ’n literatuurgeleide benadering te volg.

1.1 Onlangse verklarings deur enkele prominente navorsers

Navorsers wat die afgelope jare met verklarings vir die kragtige oplewing in populistiese mobilisering wêreldwyd na vore getree het, sluit die volgende in:

- Nuggée (2018), wat die oplewing toeskryf aan die moderne wenner-neem-alles-tipe ekonomiese stelsel; die onvermoë van samelewings om dit teen te werk; en die toenemende invloed van die sosiale media om hierdie verdelings te versterk.
- Goodwin (2018), wat die krag van nasionalisme en nasionalistiese leiers se verwerping van liberale globalisme, massa-immigrasie en konsensuspolitiek as belangrike dryfkragte beskou.
- Archibugi en Cellini (2017), wat na omvattende navorsing bevind dat daar ’n direkte verwantskap bestaan tussen die sukses van politieke partye en leiers wat hierdie politieke strategie aanwend en die dekonsolidering van demokrasie aan die een kant, en die ekonomiese stagnering wat na die finansiële krisis na 2008 ingetree het aan die ander kant.
- Gans (2018), wat kort en kragtig verklaar dat sosiale netwerke verantwoordelik is vir die aanwending van hierdie besondere politieke strategie.
- Argandoña (2017), wat die toename in die gebruik van hierdie strategie toeskryf aan die gereelde ekonomiese insinkings en die gepaardgaande persepsie van krisis deur die burgery; kollektiewe frustrasie en angs in moderne samelewings; toename in ekonomiese ongelykheid; kompleksiteit van sosiale konstrukte; tegnokratiese openbare besteding; korrupsie; ’n algemene gebrek aan deursigtigheid; en valse beloftes deur regerende politieke leiers.
- Galston (2018a), wat die kragtige oplewing van hierdie politieke strategie in Europa deur regse politieke partye en leiers in die besonder toeskryf aan die ineenstorting van sentristies-linkse politieke partye oor ’n breë front.

- Wolf (2017), wat oortuig is dat die finansiële krisis primêr vir die oplewing in populistiese mobilisering verantwoordelik is.
- Mounk (2018), wat die volgende drie redes uitsonder vir waarom leiers hul tot hierdie politieke strategie verbind en sukses daarmee bereik: die stagnering van lewenstandaarde, die afname in etniese homogeniteit en die opkoms van die internet.
- Muis en Immerzeel (2017), wat die opkoms van radikale regse politieke partye en bewegings in Europa in die besonder verklaar aan die hand van twee benaderings: die aanvraagkant- en die aanbodkant-benadering. Die een fokus op griewe, die persepsies van ontsegging en ongeregtigheid, groepsidentifikasie en die ideologiese oortuigings wat mense aanspoor om betrokke te raak by die aktiwiteite van 'n georganiseerde beweging. Die ander omsluit die eienskappe van die organisasies, die leierskap en die vorme van optrede. Die twee moet as aanvullend en nie as kompeterende teorieë nie beskou word.
- Müller (2018), wat die mening toegedaan is dat die oplewing toegeskryf kan word aan die betrokke leiers se aanspraak dat hulle en hulle alleen die "ware verteenwoordigers" van die "ware burgery" is. Hierdie strategie is nie 'n vorm van anti-elitisme nie: die aanwenders daarvan ontken bloot dat ander leiers enige legitieme aansprake op politieke mag het en dat daardie gedeelte van die burgery wat hulle nie ondersteun nie, hulle status as behorende tot die "ware burgery" in gevaar stel.
- Fukujama (2019), wat die oplewing toeskryf aan die ekonomiese ongelykhede wat deur globalisering geskep is, en die hoë vlakke van immigrasie en die bedreiging wat dit vir nasionale identiteite daarstel.

Dit is interessant om te meld dat die London School of Economics and Political Science (LSE) in 2018 'n navorsingsprogram onderneem het einde te bepaal of die godsdienstige oortuigings van die burgery tot die oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering deur politieke leiers bydra. Die bevinding is dat daar wel 'n verband is (Coyne 2019).

Met spesifieke verwysing na Europa wys Luengo-Cabrera (2018) daarop dat alhoewel hierdie wêrelddeel volgens die Wêreldvrede-indeks van 2018 steeds as die mees vreedsame streek in die wêreld beskou word, daar die afgelope drie jaar 'n agteruitgang in vreedsaamheid ingetree het. Volgens Luengo-Cabrera "fasiliteer" hierdie agteruitgang die oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering deur personalistiese politieke leiers en partye

Waarskynlik die mees volledige en omvattende verklarings vir die oplewing van populistiese mobilisering word verstrek deur die European Consortium for Political Research (ECPR) (2015), Cox (2018) en Mudde (2015; 2018). Die ECPR en genoemde navorsers se verklarings sal hier onder kortliks opgesom word.

1.2 Verklarings deur die European Consortium on Political Research (ECPR)

Tydens 'n werkswinkel wat in 2015 deur die ECPR gehou is onder die voorsitterskap van die Nederlandse politieke wetenskaplike Sarah de Lange (2015) ten einde verklarings vir die wydverspreide aanwending van populistiese mobilisering regdeur die wêreld te vind, is bevind dat daar drie teoretiese en metodologiese benaderings bestaan wat gevolg kan word:

- Die strukturalistiese benadering, wat die verskynsel verklaar in terme van die verspreiding van globalisering, die oorheersing van neoliberalisme en toename in multikulturalisme.

- Die institusionele benadering, wat die verskynsel verklaar deur die ontleding van toestande in spesifieke state wat veroorsaak dat die gevestigde demokratiese strukture disfunksioneel word. Tipiese toestande wat hiertoe bydra, is korrupsie, die verswakking van verantwoordbaarheid, toename in oligargisme of ’n spesifieke politieke krisis.
- Die konstruktivistiese en kognitiewe psigologiese benadering, wat die verskynsel verklaar in terme van die optrede, houdings, ingesteldhede, vrese en vooroordele van die kiesers en die politieke leiers of beide.

Deur die gebruik van hierdie drie benaderings het die ECPR die toename in populistiese mobilisering op drie vlakke ontleed: die makro-, globale vlak, die medium-, nasionale vlak en die mikro-, agentgebaseerde vlak.

- Op die makrovlak het twee stelle toestande uitgestaan. Die eerste stel, gebaseer op populistiese mobilisering in Latyns-Amerika, het die rol van industrialisasie en die uitwerking daarvan op die sosiale norme wat onderskryf word, beklemtoon. Hierdie nuwe omstandighede het dit vir die charismatiese leiers moontlik gemaak om die gewone burgery polities te mobiliseer, maar terselfdertyd ook uit te buit. Die tweede stel toestande is gebaseer op populistiese mobilisering in die Europese konteks en die impak van globalisering in die ontstaan van postmoderne waardes. Globalisering het tot gevolg gehad dat bepaalde sektore in die samelewing (werkers en die tradisionele middelklas) aan ekonomiese verarming blootgestel is, terwyl veranderde waardes (multikulturalisme en sekularisasie) ’n bedreiging gevorm het vir die wyse waarop hierdie groeperings hulle lewens gevoer het. Die gevolg was dat die ekonomies benadeeldes met gevestigde tradisionele waardes voor die oproepe van radikale leiers geswig het. Die radikale linkse leiers het die skuld op ekonomiese ongelykheid en die noodsaak van herverdeling geplaas, terwyl die radikale regse leiers die skuld op immigrasie en die noodsaak van die beskerming van tradisionele waardes geplaas het.
- Op die mediumvlak het veral een toestand uitgestaan, naamlik die gereelde ekonomiese krisisse wat in state regdeur die wêreld (veral in die ontwikkelende state) voorkom en die toename in ekonomiese ongelykheid wat die gewone kiesers die harnas injaag teen die hoofstroom- politieke partye en hierdie instellings se onvermoë om die nodige hervormings aan te bring.
- Op die mikro-ontledingsvlak is verskeie faktore van belang, met name die optrede en handelings van verskeie agente, waaronder individuele leiers, faksies binne politieke partye, die media en die kiesers. Van ewe groot belang is die veelheid van spesifieke meganismes wat deur die politieke leiers gebruik word om hulle boodskap aan die gewone kieser te kommunikeer. Dit kan wissel van etikettering tot polarisering tot konfrontasie tot alliansievorming.

1.3 Verklarings deur Michael Cox

Cox (2018) het op sy beurt met verskeie narratiewe vorendag gekom ter verklaring van die wydverspreide populistiese mobilisering deur leiers regoor die politieke spektrum.

- Ter aanvang beklemtoon hy die noodsaak om te begryp dat populistiese mobilisering ’n “retoriese taktiek” is wat deur demagoë in die verlede regoor die wêreld gebruik is en dat daar met sekerheid voorspel kan word dat hulle sal voortgaan om die taktiek ook in die toekoms te gebruik ten einde politieke mag te bekom en dit te behou. Verder beklemtoon hy dat hierdie taktiek sonder uitsondering verdelend en konfronterend is;

op sameswerингsteorieë floreer; vyande skep selfs waar hulle nie bestaan nie; alle opponerende groeperings kriminaliseer; bedreigings en gevare om elke hoek en draai sien of fabriseer; en kritici as kwaadwillige buitelandse agente beskou.

- Tweedens beskou Cox die aanwending van populistiese mobilisering as 'n direkte gevolg van wegholglobalisering. Die tempo en omvang van hierdie verandering regoor tradisionele grense heen laat die gewone burger ontredderd, ontnugterd en verbysterd. Tipiese vrae wat gestel word is: Wie is ek? Wat is ek? Het ek steeds burgerskap van my eie staat en is ek omring deur medeburgers met dieselfde waardes en lojaliteite? Hierdie onsekerheid en persepsie van ontworteling en marginalisering het die gewone burger hoogs vatbaar gemaak vir populistiese mobiliseringstrategieë deur personalistiese leiers.
- Derdens verklaar Cox dat populistiese mobilisering nie alleen die gevolg is van 'n identiteitskrisis waarin gewone burgers hulle bevind nie, maar ook die gevolg is van hiperglobalisering. Hierdie vorm van globalisering het in die 1970's ontstaan, in die 1980's versnel, en in die 1990's die hoogte ingeskiet totdat die ineenstorting in 2008 gevolg het. Hierdie dertig jaar lange ekonomiese vooruitgang is nietemin deurgaans as positief beskou. Voorstanders het veral verwys na die ongekende welvaart wat geskep is; dat voorheen geslote ekonomieë toeganklik gemaak is; dat die wêreld se BBP dramaties toegeneem het; dat talle state die juk van armoede afgeskud het; en dat welvaart regoor die wêreld toegeneem het. Hierdie nuwe orde is veral deur state soos Indië en China verwelkom, aangesien hulle die meeste daarby gebaat het. Vir state in die Westerse wêreld het hiperglobalisering egter ernstige nadele ingehou: Welvaart is toenemend in die hande van 'n oligargie gekonsentreer; die verdienste van die middelklas het gestagneer; nie alleen is die werkersklas se werksekerheid deur die uitvoer van werksgeleenthede en die invoer van goedkoop produkte, hoofsaaklik van China, bedreig nie, maar toenemende immigrasie het ook die prys van arbeid verlaag.
- 'n Vierde verklaring vir die toename in populistiese mobilisering kan volgens Cox direk herlei word na die impak van neoliberalisme. Neoliberalisme het sy oorsprong in die 1970's gehad en is deur vier ekonomiese beleidsrigtings gekenmerk. Hierdie beleidsrigtings omsluit globalisering; die wegbeweeg van volle indiensneming ten gunste van inflasieteikens; die maksimalisering van waarde vir aandeelhouers deur ondernemings eerder as herinvestering en ekonomiese groei; en die skep van 'n buigsame arbeidsmark en die ontwrigting van vakbonde. Cox is oortuig dat hierdie neoliberale orde nie alleen die balans tussen arbeid en kapitaal versteur het nie, maar ook gelei het tot laer inflasie, laer groeikoerse, laer investeringskoerse, laer produktiwiteit, die konsentrasie van welvaart, inkomste-ongelykheid, werksonsekerheid, en deflasie in die wêreldekonomie.
- Vyfdens huldig Cox die standpunt dat die verval van kommunisme 'n toestand in die internasionale stelsel geskep het wat 'n vrugbare terrein sou vorm waarin populistiese mobilisering kon gedy. Die verval van kommunisme in 1989 en 1991 het die "ingeboude limiet" wat tot op daardie stadium in die internasionale stelsel bestaan het met betrekking tot die werking van die vryemark- ekonomiese stelsel verwyder. Benewens die invloed wat tegnologiese vernuwing en veral outomatisering op werksverliese sou hê, het die aansluiting van lae-loon-ekonomieë in Asië by die wêreldwye vryemark tot werksverliese in ongekende getalle in veral Westerse ekonomieë gelei. Onder hierdie omstandighede is dit nie vreemd dat politieke leiers soos Donald Trump met populistiese mobilisering as politieke strategie vorendag sou kom nie.

- Die sesde verklaring wat Cox aanbied vir die kragtige oplewing van populistiese mobiliseringstrategieë is die voorkoms van 'n gevoel van magteloosheid in talle samelewings. Hierdie magteloosheid is nie alleen waarneembaar in die geledere van die burgery nie, maar ook sigbaar in die onvermoë van regerende politieke leiers en partye om die nuwe uitdagings die hoof te bied. Regeringslui in talle state is magteloos om die toestroming van migrante te keer of the beperk; om effektiewe grensbeheer toe te pas; om terreuraanvalle af te weer; om kapitaaluitvloei te bekamp; om belastingontduiking te verhoed; en om werkloosheid en armoede te voorkom. Die gevoel van magteloosheid onder die burgery neem toe wanneer regerings wel tot optrede oorgaan, maar dit op 'n onbeholpe of onbevoegde wyse doen. Hierdie wydverspreide gevoel van magteloosheid skep die ideale toestand vir personalistiese leiers om met populistiese mobiliseringstrategieë vorendag te kom.
- Die laaste verklaring wat Cox aanbied, is die globale magsverskuiwings wat tans besig is om plaas te vind of wat verwag word. Regoor die wêreld bestaan die oortuiging in samelewings en regerings dat die opkoms van nuwe moondhede, soos die Chinese Volksrepubliek en Indië, en nuwe magskonstellasies 'n werklikheid is en tot 'n nuwe wêreldorde sal lei. Die gebruik deur Donald Trump van die slagspreuk "Make America Great Again" en die Britse kiesers se aandrang daarop om van die "wankelende" EU weg te breek (Brexit) staan in die teken van hierdie samelewings en leiers se pogings om hulle te herposisioneer in afwagting van komende globale magsverskuiwings.

1.4 Verklarings deur Cas Mudde

Volgens Mudde (2015; 2018) kan die voorkoms van populistiese mobilisering in veral Europese samelewings hoofsaaklik toegeskryf word aan die bestaan van etlike persepsies in die geledere van die burgery asook 'n veranderde mediastruktuur.

- Die persepsie dat die regerende politieke elite nie genoegsame aandag aan belangrike kwessies soos immigrasie, werkloosheid en die hervorming van die welsynstaat skenk nie.
- Die persepsie dat die regerende politieke elite ideologies homogeen is ná die verdwyning van skerp ideologiese verdelings en die ontstaan van *Die Neue Mitte* ("Die Nuwe Middeweg") en die Derde Weg.
- Die persepsie dat die regerende politieke elite wesenlik magteloos is, veral na die ondertekening van die Maastricht-verdrag van 1992 ingevolge waarvan die bevoegdheid van nasionale regerings oor talle aangeleenthede, waaronder monetêre beleid, weggeneem en aan die minder demokratiese instellings van die EU oorgedra is.
- Die persepsie dat die leiers van daardie politieke partye en bewegings wat populistiese mobilisering aanwend meer aantreklike alternatiewe aanbied en meer kundigheid demonstreer as die gevestigde politieke elite.

Laastens skryf Mudde die aanwending van hierdie besondere politieke strategie toe aan die feit dat die mediastruktuur in Europa sodanig verander het dat dit die uitdagers van die bestaande orde begunstig. Waar die gevestigde politieke elite in die verlede beheer oor die media kon uitoefen, is dit met die koms van party-onafhanklike private mediagroepe en die internet nie meer moontlik nie. Hierdie veranderde mediastruktuur het verder saamgeval met die proses van "kognitiewe mobilisering" wat tot gevolg gehad het dat die breë publiek se opvoedingsvlak gestyg het en hulle 'n meer kritiese ingesteldheid jeens die bestaande politieke elite ontwikkel het.

2. Die gevolge van die aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie vir liberale demokrasie en die globale liberale orde

Soos die geval met die identifisering van die faktore wat aan populistiese mobilisering ten grondslag lê, het ’n groot aantal navorsers ook na vore getree om aan te dui wat die gevolge of implikasies is wat die oplewing van hierdie verskynsel vir liberale demokrasie in die besonder en die bestaande globale liberale orde in die algemeen inhou.

Dit moet beklemtoon word dat alhoewel die meeste navorsers die standpunt ondersteun dat populistiese mobilisering gevare vir liberale demokrasie en die globale liberale orde inhou, daar uitsonderings is. Tekenend is die sienings van Canovan (2002) en Archibugi en Cellini (2018). Canovan beskou populistiese mobilisering (populisme) bloot as die ideologie wat demokrasie ten grondslag lê, terwyl Archibugi en Cellini die toepassing van hierdie strategie slegs as ’n rebellie beskou wat nie primêr gemik is teen die essensie van die demokratiese owerheidsvorm as sodanig nie, maar veel eerder gerig is teen die regerende elite vanweë hulle weiering om die voordele wat hulle geniet, met die burgery te deel.

Gegewe die feit dat ook wat hierdie besondere aspek aanbetref, dit boekdele sou verg om alle perspektiewe te weerspieël, sal andermaal met ’n oorsig op uitgesoekte grondslag volstaan word. Ook wat die gevolge aanbetref sal dus net op enkele van die mees onlangse evaluerings en bevindings van navorsers gekonsentreer word.

2.1 Die siening van Francis Fukujama en Robert Muggah

Die eerste siening waarna verwys sal word, is dié van Fukujama en Muggah (2018). In die vroeë 1990’s het Fukujama veral bekendheid verwerf vir sy tese dat met die verval van outoritêre kommunisme en die oorheersing van liberale demokrasie die mensdom die finale tipe owerheidsvorm bereik het. Sy gevierde uitspraak was dat die mensdom met die koms van hierdie besondere orde die “einde van die geskiedenis” bereik het. Na minder as drie dekades sedert hy hierdie veelgeroemde uitspraak gelewer het, was hy in 2018 egter genoodsaak om met ’n hersiening van sy tese vorendag te kom. Gesteun deur Muggah het hy verklaar dat populistiese mobilisering besig is om sowel liberale demokrasie as die globale liberale orde te “vergiftig” en sodoende die voortbestaan van beide te bedreig.

Die “vergiftiging” geskied volgens Fukujama en Muggah op tweërlei wyse. Dit geskied eerstens in die aanvalle wat hierdie leiers en partye loods op demokratiese politieke stelsels en die fondamente waarop hierdie stelsels gebou is, naamlik magsdeling; die rol van die howe as finale beslegters; en die rol van die wetgewende liggame en ’n vrye en onafhanklike media om toesig oor die uitvoerende gesag uit te oefen.

Tweedens geskied die “vergiftiging” by wyse van die aanvalle deur leiers en partye wat populistiese mobilisering toepas op daardie instellings wat die globale liberale orde in stand hou. In hierdie verband word spesifiek verwys na die aanvalle op en veroordeling deur Donald Trump van, onder meer, die Verenigde Nasies (VN), die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO), die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), die G20, die EU, die Noord-Amerikaanse Vryhandelsorganisasie (NAFTO) en verskeie ander multilaterale instellings, verdrae en protokolle. Hierdie instellings is nie alleen verantwoordelik vir die vloei van goedere en investering in die wêreld nie, maar ook die beskerming van die waardes en beginsels waarop die globale liberale orde gefundeer is. Die rede waarom die optrede van

Donald Trump vir die voortbestaan van die bestaande globale liberale orde van kritieke belang is, is geleë in die feit dat die VSA nie alleen as die argitek daarvan beskou word nie, maar dit ook oor die afgelope 70 jaar in stand gehou het. Sou die VSA dus hierdie rol versaak, is dit onafwendbaar dat die bestaande wêreldorde in duie sal stort en deur ’n nuwe orde vervang sal word.

In onlangse publikasies beklemtoon Fukujama (2018a; 2018b) sy siening dat die “vergiftiging” van liberale demokrasie en die globale liberale orde wat deur die aanwending van populistiese mobilisering veroorsaak word, diep gewortel is in identiteitspolitiek. *Identiteitspolitiek* verwys na die geneigdheid van groeperings met ’n bepaalde godsdienstige, etniese, maatskaplike, kulturele of rasse-identiteit om hulle eiesoortige belange te bevorder sonder inagneming van die belange van die samelewing in sy geheel.

Sodanig is die intensiteit waarmee identiteitspolitiek in die meeste eietydse samelewings bedryf word dat Fukujama (2018b) dit nie alleen as “The New Tribalism” tipeer nie, maar dit ook as die “meesterbegrip” beskou ingevolge waarvan gebeure en tendense in die internasionale stelsel in sy geheel verklaar kan word. Verder huldig hy die standpunt dat ten einde liberale demokrasie en die globale liberale orde te beskerm, spesiale maatreëls getref moet word om die intensiteit van identiteitspolitiek te temper. Gegewe die fundamentele rol wat identiteit en waardigheid in die lewe van elke mens speel, sou dit syns insiens ten beste getemper kon word indien samelewings uitdruklike erkenning aan nasionale identiteite verleen en wel op wyses wat liberale demokrasie sal versterk en ondersteun eerder as verswak en ondermyn. Fukujama is daarvan oortuig dat alhoewel identiteit gebruik kan word om samelewings te verdeel, dit deur die instelling van bepaalde maatreëls ook gebruik kan word om samelewings te verenig.

Die standpunte van Fukujama en Muggah (2018) met betrekking tot die gevolge wat populistiese mobilisering vir liberale demokrasie en die globale liberale orde inhou, word ondersteun deur die navorsers Colgan en Keohane (2017), Bardhan (2017) en Haass (2018), om slegs enkeles te noem.

2.2 Die bevindings van die Henry M. Jackson School of International Study

Gedurende 2018 het die Henry M. Jackson School of International Study ’n taakspan onder die leiding van Sarah Repucci saamgestel om die gevolge te bepaal wat die oplewing in die aanwending van populistiese mobilisering vir demokrasie in die wêreld inhou (Repucci 2018). Deur die aanwending van hierdie besondere strategie in agt state te bestudeer – Brasilië, Hongarye, Indië, Italië, Pole, die VK, die VSA en Venezuela – het die taakspan tot die gevolgtrekking gekom dat die aanwending daarvan “*illiberal*” is . Die aanwenders van hierdie politieke strategie ignoreer en opponeer nie alleen die diversiteit in identiteit en vryheid van denke in ’n demokratiese samelewing nie, maar ondermyn ook die basiese beginsels van moderne konstitusionele denke. In hierdie verband word verwys na die feit dat daar in ’n demokrasie beperkings geplaas word op die wil van die meerderheid en kruiskontroles vereis met betrekking tot besluite deur die uitvoerende gesag. Op grond daarvan dat die aanwending van hierdie politieke strategie hierdie beginsels nie alleen ondermyn nie, maar ook duidelike outoritêre eienskappe openbaar, kom die taakspan verder tot die gevolgtrekking dat die uitwerking daarvan uiters negatiewe gevolge inhou vir regterlike onafhanklikheid, politieke regte van benadeelde burgers, persvryheid en geslagsgelykheid.

2.3 Die siening van Steve C. Ropp

In belangwekkende navorsing vir die Amerikaanse Instituut van Strategiese Studies het Steve C. Ropp reeds in 2005 bevind dat die onstabiliteit wat populistiese mobilisering deur leiers, politieke partye en politieke bewegings regoor die wêreld kan skep, enorme veiligheidsrisiko's vir demokratiese politieke stelsels inhou (Ropp 2005). Die spesifieke gevaar is daarin geleë dat die aanwending van hierdie strategie die integriteit van die instellings wat die grondslag van verteenwoordigende demokrasie vorm, sal vernietig. Hy het gevolglik met aanbevelings aan strategiese beplanners in die VSA vorendag gekom ten einde vroegtydig te beplan vir die veiligheidsuitdagings wat, ironies genoeg, vanuit die stelsel van verteenwoordigende demokrasie mag ontstaan. Nouliks het hy voorsien dat Donald Trump 'n dekade later in die VSA deur die toepassing van populistiese mobilisering aan bewind sou kom en die bedreiging vir liberale demokrasie sou vorm waarteen hy gewaarsku het!

2.4 Die siening van William Galston

Volgens Galston (2018b) staar liberale demokrasie regoor die wêreld vandag 'n verskeidenheid eksterne uitdagings in die gesig. In hierdie verband verwys hy veral na die bestaan van talle etnies-nasionale outokrasieë, die vele teokrasieë, die kragdadige meritokrasieë en die "mark-Leninistiese" stelsel in die Chinese Volksrepubliek. Die grootste uitdaging vir liberale demokrasie is egter van interne aard en manifesteer in die vorm van die aanwending van populistiese mobilisering deur leiers en politieke partye. Volgens hom is die gevaar daarin geleë dat hierdie leiers en partye 'n wig indryf tussen demokrasie en liberalisme. Hulle doen dit deur te verklaar dat liberale norme en beleidsrigtings demokrasie verswak en die burgery benadeel. Met ander woorde, dit is liberale instellings wat die burgery verhoed om in eie belang demokraties op te tree en daar moet gevolglik met hierdie instellings weggedoen word.

'n Verdere interessante beskouing deur Galston ten aansien van die bedreiging wat populistiese mobilisering vir demokratiese politieke stelsels daarstel, is sy siening dat leiers en partye wat hierdie politieke strategie aanwend stabiliteit, nasionale eenheid en samehorigheid ondermyn. Nie alleen word 'n onderskeid getref tussen faksies in die burgery en die elite nie, maar hierdie groeperings word ook as homogeen getipeer. Dit beteken dat die onderskeie groeperings elk oor 'n eie stel belange en waardes beskik wat nie alleen verskillend is nie, maar ook fundamenteel botsend, teenstrydig, verdelend en onversoenbaar.

2.5 Die sienings van akademici wat deur die London School of Economics and Political Science (LSE) genader is

Gedurende 2017 het die London School of Economics and Political Science (LSE) vyf leidende akademici genader ten einde hulle sienings te verkry betreffende die vraag: Is die aanwending van populistiese mobilisering 'n bedreiging vir demokrasie of word die begrip slegs deur hoofstroompolitici gebruik om die legitieme bekommernisse van die burgery te verswyg? Die deelnemers het soos volg reageer:

- Zsolt Enyedi: Populistiese mobilisering is inderdaad 'n bedreiging vir 'n demokrasie – enige ontkenning hiervan is onsinnig ("feeble").
- Chantal Mouffe: Demokrasie kan slegs deur die aanwending van populistiese mobilisering op 'n "progressiewe" wyse beveilig word.

- Yannis Stavrakakis: Enige optrede teen die aanwending van populistiese mobilisering deur regeringslui vorm die ware bedreiging teen demokrasie.
- Ruth Wodak: Populistiese mobilisering deur regse politieke partye huisves gevare vir demokrasie op sowel kort as lang termyn.
- John Fitzgibbon: Partye wat populistiese mobilisering aanwend, is nie gekant teen demokrasie nie, hulle is slegs gekant teen liberale demokrasie. (London School of Economics and Political Science (LSE) (2017)

2.6 Die bevinding van Yascha Mounk en Jordan Kyle

Aan die einde van 2018 het Mounk en Kyle (2018) navorsingsresultate gepubliseer oor die impak wat 46 leiers of politieke partye wat tussen 1990 en 2018 populistiese mobilisering in 33 state aangewend het, op die demokratiese politieke stelsel in daardie state gehad het. Die navorsing is gedoen deur alle artikels wat in 66 leidende ewekniebeoordeelde joernale in politieke wetenskap, sosiologie en regionale studie rakende die onderwerp verskyn het, te bestudeer. Die gevolgtrekking waartoe hierdie navorsers gekom het, was dat in al hierdie state regeringsoptrede van sodanige aard was dat beduidende demokratiese agteruitgang ("democratic backsliding") ingetree het.

2.7 Die bevindings van enkele ander prominente navorsers

Enkele ander navorsers wat die gevolge van populistiese mobilisering vir demokratiese politieke stelsels bestudeer het se bevindings word hier onder kortliks weergegee.

- Houle en Kenny (2016) het die politieke en ekonomiese gevolge van populistiese mobilisering in 19 Latyns-Amerikaanse state bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat die implikasies hoofsaaklik negatief is.
- Sandford (2017) het in sy navorsing betreffende Europa tot die gevolgtrekking gekom dat die aanwending van hierdie politieke strategie 'n direkte bedreiging vir liberale demokrasie daarstel en tot "die proses van demokratiese dekonsolidering" bydra.
- Fleurbaye (2016) verklaar kort en kragtig dat populistiese mobilisering 'n ernstige gevaar vir liberale demokrasie daarstel omdat dit "van binne" kom.
- Kenny, Hawkins en Ruth (2016) het bevind dat 'n demokratiese owerheidstelsel op vierledige wyse deur populistiese mobilisering ondermyn word: die ignorering van kruiskontroles met betrekking tot toesig oor die uitvoerende gesag; die inbreukmaking op mediavryheid; die nie-erkenning van burgervryhede; en die aantasting van die kwaliteit van verkiesings.
- Torres (2006) het, met spesifieke verwysing na Latyns-Amerika, reeds in 2006 bevind dat populistiese mobilisering demokrasie benadeel deurdat sodanige strategie nie alleen verdelend, polariserend, onverdraagsaam en antipluralisties is nie, maar ook die bestaande klasse-, rasse-, etniese en landelik-stedelike verdelings vererger.
- Roth (2017) het bevind dat die opkoms van leiers en politieke partye wat populistiese mobilisering aanwend, gevaarlik vir liberale demokrasie is op grond daarvan dat hierdie politieke akteurs nie alleen die antagonisme jeens die heersende elite uitermate beklemtoon nie, maar ook nasionalistiese retoriek aanwend om die burgery in twee opponerende faksies of kampe te verdeel. Aan die een kant is daar die "legitieme of ware burgery" wie se beskouings nie alleen as die "wil van die meerderheid" beskou word nie, maar op die volle spektrum van menseregte en vryhede tiperend van demokratiese politieke stelsels aanspraak kan maak. Aan die ander kant is daar die

"nielegitieme burgery" wat noodwendig die minderheid vorm en wie se menseregte en vryhede beskou word as 'n hindernis en struikelblok in die beskerming van die "nasie" teen allerhande euwels en gevare.

- Hodgson (2018) wys in sy navorsing op die onbedoelde nadelige ekonomiese gevolge wat die aanwending van populistiese mobilisering deur 'n regerende party vir 'n demokratiese politieke stelsel inhou. In hierdie verband verwys hy in die besonder na die nadelige uitwerking wat hierdie tipe regerende partye se geneigdheid om belastingverlagings, prysregulering en beskermde-handel-beleidsrigtings in werking te stel op lang termyn op begrotingstekorte, die nasionale skuldlas, ekonomiese groei, stabiliteit, mededingendheid en effektiwiteit het.

3. Samevatting

Sedert die 1990's het die aanwending van populistiese mobilisering deur personalistiese leiers, politieke partye en politieke bewegings regoor die politieke spektrum wêreldwyd ongekende en ongeëwenaarde afmetings aangeneem. Die getal politieke leiers wat deur die toepassing van hierdie besondere strategie tot regeerposisies regoor die wêreld verkies is, het tussen 1990 en 2018 vyfvoudig toegeneem, van vier tot 20.

Aanduidend van die kragtige oplewing van populistiese mobilisering is die aanwending daarvan in al die hoofstreke van die wêreld:

- In Europa en die VK het daar in 2017 nie minder nie as 102 politieke partye en politieke bewegings bestaan wat populistiese mobilisering as politieke strategie aangewend het. Hiervan kan 74 as radikale regse partye en bewegings beskou word. In vier van die 28 state het hierdie tipe partye in 2018 die regering van die dag gevorm, terwyl hulle in 20 state meer as 20% van die populêre steun geniet het. Gedurende die verkiesings in Mei 2019 wat gehou is om die samestelling van die negende Europese Parlement te bepaal, het politieke partye wat populistiese mobilisering aanwend, 29% van die setels verower. Verder kan tot 'n volle begrip van die voorgenome onttrekking van die VK aan die EU, asook die verkiesing van die huidige president in Frankryk, gekom word slegs as die subtiele of "sagte" toepassing van populistiese mobilisering as politieke strategie deur die politieke leiers verreken word.
- In die VSA strek die aanwending van populistiese mobilisering sedert die 1840's soos 'n goue draad regdeur die geskiedenis van daardie staat. Met die verkiesing van president Trump in 2016 is nuwe hoogtes bereik.
- In Latyns-Amerika is populistiese mobilisering reeds sedert die 1930's in drie golfbewegings aangewend. Sedert 1990 het 14 leiers in agt state hulle regeerposisies deur die aanwending van hierdie strategie verwerf.
- In die Midde-Ooste word populistiese mobilisering deur etlike state aangewend met Turkye as 'n uitstaande voorbeeld.
- In Asië is 40% van die bevolking van ongeveer 4,5 miljard in 2018 regeer deur leiers en politieke partye wat aan bewind gekom het deur die aanwending van populistiese mobilisering.
- In Sub-Sahara-Afrika is die sosio-ekonomiese toestand in die meeste state van sodanige aard dat dit die aanwending van populistiese mobilisering deur personalistiese leiers en partye bevorder.

Die oorsake van die toename in populistiese mobilisering is talryk en op drie vlakke geleë.

- Eerstens op die makro- of globale vlak en omsluit dit die rol van faktore soos die wêreldwye tegnologiese revolusie, multilateralisme, globalisering, verval van kommunisme, oorheersing van neoliberalisme, dekonsolidering van demokrasie en die verwagting van globale magsverskuiwings.
- Tweedens op die medium- of staatsvlak en omsluit dit die krag van nasionalisme en die onvermoë van regerings om 'n groot verskeidenheid uitdagings die hoof te bied, waaronder immigrasie, grensbeheer, terreuraanvalle, ekonomiese insinkings, infrastrukturele onderhouding en uitbreiding, kapitaaluitvloei, belastingontduiking, korrupsie, werkloosheid, armoede en ongelykheid.
- Derdens op die mikro- of agentvlak en omsluit dit die optrede van spesifieke akteurs soos personalistiese leiers, politieke partye en bewegings en die anti-elitistiese en nasionalistiese retoriek wat deur hierdie akteurs in 'n groot verskeidenheid kontekste ingespan word.

Die gevolge van die wêreldwye aanwending van populistiese mobilisering as politieke strategie deur personalistiese leiers, partye en bewegings is verreikend en van tweërlei aard.

- Eerstens vorm dit 'n wesenlike bedreiging vir die voortbestaan en oorlewing van die stelsel van deelnemende en verteenwoordigende demokrasie en die uitgangspunte, instellings, waardes en beginsels waarop hierdie tipe owerheidsvorm gebaseer is.
- Tweedens vorm dit 'n wesenlike bedreiging vir die voortbestaan van die globale liberale orde vanweë die aanvalle en veroordeling deur personalistiese leiers, partye en bewegings van die multilaterale instellings en verdrae wat dit in stand hou.

Bibliografie

Archibugi, D. en M. Cellini. 2017. What causes the populist infection? How can it be cured? *openDemocracy*. 24 Maart. https://www.opendemocracy.net/can-europe-make-it/daniele-archibugi-marco-cellini/what-causes-populist-infection-how-can-it-be-cure (18 Januarie 2019 geraadpleeg).

—. 2018. How dangerous is populism for democracy? *Global-e*, 11(21):10. https://www.21global.ucsb.edu/global-e/april-2018/how-dangerous-populism-democracy (30 Januarie 2019 geraadpleeg).

Argandoña, A. 2017. Why populism is rising and how to combat it. *Forbes*, 24 Januarie. https://www.forbes.com/sites/iese/2017/01/24/why-populism-is-rising-and-how-to-combat-it/#ac080b41d442 (18 Januarie 2019 geraadpleeg).

Aytaç, S.E. en C. Elçi. 2018. Populism in Turkey. http://home.ku.edu.tr/~saytac/uploads/4/4/6/3/44632775/Aytac_Elci_Populism_in_Turkey_2018.pdf (8 Januarie 2019 geraadpleeg).

Bardhan, P. 2017. Understanding populist challenges to the liberal order. *Boston Review,* 7 Mei. http://bostonreview.net/class-inequality/pranab-bardhan-understanding-populist-challenges-liberal-order (29 April 2019 geraadpleeg).

Canovan, M. 2002. Taking politics to the people: Populism as the ideology of democracy. *Springer Link*. https://link.springer.com/chapter/10.1057/9781403920072_2 (31 Desember 2019 geraadpleeg).

Colgan, J.D. en R.O. Keohane. 2017. The liberal order is rigged. *Foreign Affairs*, Mei/Junie. https://www.foreignaffairs.com/articles/world/2017-04-17/liberal-order-rigged (17 April 2017 geraadpleeg).

Cox, M. 2017. Understanding the global rise of populism. *London School of Economics Ideas*. Strategiese bywerking in Februarie 2018. http://www.lse.ac.uk/ideas/Assets/Documents/updates/LSE-IDEAS-Understanding-Global-Rise-of-Populism.pdf (17 Januarie 2019 geraadpleeg).

Coyne, D. 2019. Populism and religion: A conclusion. *London School of Economics and Political Science*. https://blogs.lse.ac.uk/religionglobalsociety/2019/02/populism-and-religion-a-conclusion (14 Februarie 2019 geraadpleeg).

De Lange, S. 2015. Studying the causes of populism. *European Consortium for Political Research (ECPR).* https://ecpr.eu/Events/PanelDetails.aspx?PanelID=4237&EventID=102 (15 Januarie 2019 geraadpleeg).

European Consortium on Political Research (ECPR). 2015. The causes of populism: Cross-regional and cross-disciplinary approaches. https://ecpr.eu/Filestore/WorkshopOutline/266d3e43-de8a-4652-a6fc-58bae068fb15.pdf (15 Januarie 2019 geraadpleeg).

Fleurbaye, M. 2016. Populism as a challenge to democracy from within. *Scholars Strategy Network*, 18 Oktober. https://scholars.org/brief/populism-challenge-democracy-within (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Fukujama, F. 2018a. Identity: The demand for dignity and the politics of resentment. *Amazon*. https://www.amazon.com/Identity-Demand-Dignity-Politics-Resentment/dp/037412929 (16 April 2019 geraadpleeg).

—. 2018b. Against identity politics. The new tribalism and the crisis of democracy. *Foreign Affairs*, September/Oktober. https://www.foreignaffairs.com/articles/americas/2018-08-14/against-identity-politics-tribalism-francis-fukuyama (16 April 2019 geraadpleeg).

—. 2019. Why populism has taken off worldwide. *Futurity*, 2 Januarie. https://www.futurity.org/populism-politics-1945302 (28 Januarie 2019 geraadpleeg).

Fukujama, F. en R. Muggah. 2018. Populism is poisoning the global liberal order. *The Globe and Mail*, 29 Januarie. https://www.theglobeandmail.com/opinion/populism-is-poisoning-the-global-liberal-order/article37777370 (14 Desember 2018 geraadpleeg).

Galston, W.A. 2018a. The rise of European populism and the collapse of the center-left. *Brookings*, 8 Maart. https://www.brookings.edu/blog/order-from-chaos/2018/03/08/the-rise-of-european-populism-and-the-collapse-of-the-center-left (18 Januarie 2018 geraadpleeg).

—. 2018b. The populist challenge to liberal democracy. *Brookings*, 17 April. https://www.brookings.edu/research/the-populist-challenge-to-liberal-democracy/ (31 Januarie 2018 geraadpleeg).

Gans, E. 2018. Did social networks cause populism? *Forbes*, 3 Desember. https://www.forbes.com/sites/enriquedans/2018/12/03/social-networks-and-populism-cause-and-effect/#1f88bf1a5276 (18 Januarie 2019 geraadpleeg).

Goodwin, M. 2018. Why national populism is here to stay. *Newstatesmanamerica*, 3 Oktober. https://www.newstatesman.com/2018/10/why-national-populism-here-stay (17 Januarie 2019 geraadpleeg).

Haass, R.N. 2018. Liberal world order, R.I.P. *Council on Foreign Relations*, 21 Maart. https://www.cfr.org/article/liberal-world-order-rip (17 April 2019 geraadpleeg).

Hodgson, G. 2018. The unintended consequences of economic populism. *The Conference Board of Canada*. https://www.conferenceboard.ca/press/speech_oped/2018/07/12/the-unintended-consequences-of-economic-populism?AspxAutoDetectCookieSupport=1 (16 April 2019 geraadpleeg).

Houle, C. en Paul D. Kenny. 2016. The political and economic consequences of populist rule in Latin America. *Government and Opposition*, 1(2). https://www.researchgate.net/publication/307529986_The_Political_and_Economic_Consequences_of_Populist_Rule_in_Latin_America (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Inglehart, D. en P. Norris. 2016. Trump, Brexit and the rise of populism: Economic have-nots and cultural backlash. *Harvard Kennedy School.* https://www.hks.harvard.edu/publications/trump-brexit-and-rise-populism-economic-have-nots-and-cultural-backlash (21 Januarie 2019 geraadpleeg).

Kenny, P., K. Hawkins en S. Ruth. 2016. Populist leaders undermine democracy in these four ways. Would a President Trump? *The Washington Post*, 18 Augustus. https://www.washingtonpost.com/news/monkey-cage/wp/2016/08/18/populists-undermine-democracy-in-these-4-ways-would-president-trump/?utm_term=.e43bc1772a2c (1 Februarie 2019 geraadpleeg).

Kostadinova, T. en B. Levitt. 2014. Toward a theory of personalist parties. Concept formation and theory building. *Wiley Online Library*, 11 Augustus. https://onlinelibrary.wiley.com/doi/pdf/10.1111/polp.12081 (17 Desember 2018 geraadpleeg).

London School of Economics and Political Science. 2017. Five views: Is populism really a threat to democracy? http://blogs.lse.ac.uk/europpblog/2017/07/24/is-populism-really-a-threat-to-democracy (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Luenga-Cabrera, J. 2018. How Europe's deteriorating peace is facilitating the rise of populism. *London School of Economics and Political Science (LSE).* https://blogs.lse.ac.uk/brexit/2018/09/12/how-europes-deteriorating-peace-is-facilitating-the-rise-of-populism (17 April 2019 geraadpleeg).

Mounk, Y. 2018. The three causes of populism, and one solution: Positive nationalism. *Lavin*, 9 Oktober. https://www.thelavinagency.com/news/what-can-we-do-about-populism (18 Januarie 2019 geraadpleeg).

Mounk, Y. en J. Kyle. 2018. What populists do to democracies. *The Atlantic*, 26 Desember. https://www.theatlantic.com/ideas/archive/2018/12/hard-data-populism-bolsonaro-trump/578878 (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Mudde, C. 2015. Populism in Europe: A primer. *openDemocracy*, 12 Mei. https://www.opendemocracy.net/can-europe-make-it/cas-mudde/populism-in-europe-primer (15 Desember 2018 geraadpleeg).

—. 2018. Populism in the twenty-first century. An illiberal democratic response to undemocratic liberalism. *Public Seminar*, 2 Oktober. http://www.publicseminar.org/2018/10/populism-in-the-twenty-first-century/ (30 Januarie 2019 geraadpleeg).

Muis, J. en T. Immerzeel. 2017. Causes and consequences of the rise of populist radical right parties and movements in Europe. *Sage Journals,* 14 Julie. https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/0011392117717294 (19 Julie 2017 geraadpleeg).

Müller, J.-W. 2018. The rise and rise of populism. *OpenMind*. https://www.bbvaopenmind.com/en/articles/the-rise-and-rise-of-populism (19 Januarie 2019).

Nuggée, J. 2018. The causes of populism. *Laburnum Consulting*. http://laburnum-consulting.co.uk/the-causes-of-populism (17 Januarie 2019 geraadpleeg).

Repucci, S. 2018. The global implications of populism on democracy, *Task Force 2018*. Universiteit van Washington. https://jsis.washington.edu/wordpress/wp-content/uploads/2018/04/Task-Force_C_2018_Pekkanen_robert.pdf (28 Januarie 2018 geraadpleeg).

Ropp, S.C. 2005. The strategic implications of the rise of populism in Europe and South America. https://www.21global.ucsb.edu/global-e/april-2018/how-dangerous-populism-democracy (30 Januarie 2019 geraadpleeg).

Roth, K. 2017. The dangerous rise of populism. Global attacks on human rights values. *Human Rights Watch, World Report 2017*. https://www.hrw.org/world-report/2017/country-chapters/dangerous-rise-of-populism# (1 Februarie 2019 geraadpleeg).

Sandford, A. 2017. Rise of populism in Europe "a real threat to democracy". *Euronews*, 30 Desember. https://www.euronews.com/2017/12/29/rise-of-populism-in-europe-a-real-threat-to-democracy- (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Torres, V. 2006. The impact of "populism" on social, political and economic development in the hemisphere. *Focal Policy Paper*. https://www.focal.ca/pdf/governance_Torres-FOCAL_impact%20populism%20social%20political%20economic%20development%20hemisphere_July%202006_FPP-06-06.pdf (1 Februarie 2019 geraadpleeg).

Wolf, M. 2017. The economic origins of the populist surge. *Financial Times*, 27 Junie. https://www.ft.com/content/5557f806-5a75-11e7-9bc8-8055f264aa8b (18 Januarie 2018 geraadpleeg).